"Nothing can stop the man with the right mental attitude from achieving his goal; nothing on earth can help the man with the wrong attitude."

- Thomas Jefferson -

GESEËNDE FEESTYD!

Tuinroete Agri en, ons wil graag glo, die meeste van ons landbouers, kan met dankbaarheid terugkyk op 'n baie geseënde 2007. Uitdagings sal daar altyd wees, maar oor die algemeen was landbou-omstandighede en handelstoestande die afgelope jaar gunstig. Daar was streke in ons gebied waar dit voor die onlangse baie reën droog was. Ongelukig is daar nou weer gebiede met skade en verliese weens oorstromings.

The financial results of TRA for the 16 month period ending 30 June 2007 were very satisfactory. By recalcula-ting the 16 month figures to a 12 month basis, turnover was 19% and gross profit 20% higher. Headline earnings after tax, also based on a recalculated 12 month figure, was 40% higher at 36 cents per share. These results are only possible with the loyal support of our customers and dedicated service of our employees – our sincere thank to all of you!

Landbou-omstandighede is tans heelwat beter as 2 tot 3 jaar gelede. Alhoewel insette kostes wesenlik gestyg het, word die hoë kostes grootliks deur die goeie verkooppryse van feitlik al die landbouprodukte geabsorbeer.

Expectations are that the prices of agricultural products and commodities should remain relatively high in the coming year, but retail activities and capital investment should slow down due mainly to the increase in interest rates.

Aan die einde van 'n opwindende 2007, wens ons graag ons kliënte, aandeelhouers, verskaffers, personeel en almal se familielede 'n baie geseënde Kerstyd toe. Ons bid dat u die Here se seën ook in die nuwe jaar sal ervaar.

May we also remember that contentment is not found in having everything, but in being satisfied with everything we have.

Best wishes for the New Year!

J.D. WEYS
BESTURENDE DIREKTEUR

Kredietreëlings 2008

Kredietaansoeke is aan kliënte gestuur vir voltooiing vir die 2008 Produksieseisoen. Ons herinner u dat aansoeke asseblief voor einde Januarie 2008 aan ons teruggestuur word ten einde u kredietreëlings betyds in plek te hê.

Dit is ook belangrik dat u asseblief reëlings sal tref vir die vereffening van enige agterstallige bedrae en gevalle waar die betalingstermyn oorskry word.

Beste wense vir 2008!

LOUIS FIVAZ

Presidentsboodskap: Joubert van Wyk
Riversdal Landbouskou

Dit is vir my 'n voorreg om almal 'n baie voorspoedige 2008 toe te wens.

Riversdal Landbougenootskap bied in 2008 sy 140ste skou aan, wat plaasvind vanaf **13 – 16 Februarie**.

Die wen van die Agri Expo Wisseltrofee in 2006 het ons aangespoor om in 2008 werklik iets groot aan te bied. Die Riversdalskou bly egter steeds 'n eg plattelandse landbouskou wat vir almal iets bied. Dit bly ook Riversdal se grootste "event" van die jaar. In 2007 het ons meer as 8 600 besoekers gehad en ons glo dat tydens die skou van 2008 die aantal besoekers, vertoners en borge hierdie getal ver sal oortref.

Die hoof "event" is die Merino Classics. Dit bestaan uit Gemete Produksie, Versorgde Merino's, Veld Merino's en sluit 'n Nasionale Merino Vagkompetisie in. Ons verwag 'n groot aantal inskrywings van oor die hele land. Om dit te akkommodeer moet ons 1 600m^2 tentspasie bykomend tot ons bestaande fasiliteite huur. By die skaapafdeling word ook ons slaglam-kompetisie aangebied.

Die volgende kampioenskappe gaan by die Beesafdeling aangebied word, nl. die Nasionale Rooipoenskop, Suid-Kaap Jersey, Kaapse Ayrshire en die Suid-Kaap Hereford. Die afdeling sal ook aangevul word deur verskeie ander rasse.

Die Perde-afdeling bied 'n SA Saalperd Klubskou, die SA Boerperd Streekskampioenskap en die Miniatuurperd Wes-Kaap Kampioenskap. Dit word ook aangevul deur 'n sterk kompetisie van Walliese ponies sowel as Arabierperde en vele meer.

Die Streeksjeugskou is een van ons skou se hoogtepunte en die kinders neem deel in die bees-, skaap- en pluimvee-afdeling. Dit word op Woensdag, 13 Februarie 2008 aangebied.

Die skou skop af met 'n semi-formele skoudans wat op 8 Februarie 2008 sal plaasvind. Dit is 'n baie aangename geleentheid waartydens ons die skou-koningin en haar twee prinsesse kies.

Die skou word ook aangevul deur ±100 binne en buite stalletjies sowel as kommersiële uitstallers. Daar sal ook vanjaar 'n spesiale tent wees wat klem lê op 'n program vir hoofsaaklik die dames.

Elke aand tydens die skou is daar optredes deur bekende gaskunstenaars. Woensdagaand is die fokus op die jongmense, wat aansluit by die jeugdag. Donderdagaand tree Pieter Koen op, Vrydagaand Pieter van der Westhuizen en Grietjie van Garies, sowel as die drie sterkste manne van Suid Afrika, en nog vele meer.

Riversdalskou is bekend vir sy etes, aangebied deur ons skou dames, sowel as "steak"-etes in die Geldenhuyslokaal.

Alle belangstellendes kan gerus ons webtuiste besoek: www.skou.riversdaler.co.za of kontak ons sekretaris by die Skoukantoor 028 713 1215.

Bring u gesin, vriende en kollegas en kom geniet die skou saam met ons!

Land & Strand eiendomme

REEBOK	GROOTBRAKRIVIER	GEORGE
Impalaweg	**Langstraat 105a**	**Mitchellstraat 138**
044 696 5820	**044 620 3322**	**044 874 7644**

Ek het my Eiendomsagentskap begin met die doel om plase, kleinhoewes en vakansiehuise te bemark in die George, Grootbrakrivier en Mosselbaai areas, met ander woorde, in die hart van die Tuinroete. Ek is 'n inwoner van die omgewing waar ek die afgelope 23 jaar op ons familieplaas boer waarvan ek die 9de geslag is. Derhalwe het ek die kundigheid om u goeie advies te gee sou u belangstel om in ons pragtige area te belê, met die majestueuse berge in die Noorde en die Indiese oseaan in die Suide.

Jos Terblanche
083 631 9611

 Johan Fourie **082 572 6005**	Ek het in 1964 by Senwes aangesluit en na 21 jaar uit diens getree as takbestuurder. Hier het ek verskeie diplomas verwerf en 'n wye kennis van feitlik alle boerdery aktiwiteite opgedoen. In Januarie 1986 verhuis ek na George waar ek met verloop van tyd verskeie landbouverwante besighede gehad het. Hier het ek baie van die plaaslike boerdery, die omgewing en sy mense leer ken. Met meer as 40 jaar landbou ondervinding sluit ek my November 2006 by Land en Strand aan. Met my wye landbou en besigheids ervaring sal ek u graag tot diens wil wees.	 **Ockie van der Berg** **082 805 4109**	Gebore en grootgeword op 'n groenteplaas. Ek het vroeër vir bykans 10 jaar vir 'n bevriesings maatskappy op George by die erte-afdeling gewerk. Ken die plase vanaf Gouritsrivier tot Tsitsikamma soos die palm van my hand. Boer sedert 1991 vir myself met groente. Raak by Land en Strand Eiendomme betrokke omdat ek spaartyd het as gevolg van 'n seun wat my met die boerdery help. Ek glo dat ek met die jare-lange ondervinding en liefde vir die boerdery vir voornemende kopers en verkopers van nut sal wees. Ek is ook bereid en dit is my missie om die ekstra myl met my kliënte te loop

SOEK DRINGEND PLASE EN HOEWES VIR GEKWALIFISEERDE KOPERS.
BEL DIE WENSPAN VANDAG!! HULLE HET GESAMENTLIK 89 JAAR ONDERVINDING.

	3 ha langs R102 tussen Grootbrak en George. Pragtige seeuitsig oor Mosselbaai. 2 slpk woonhuis. **Prys: R2,200,000** **Johan Fourie 082 572 6005**		Gesogte Geelhoutboom area melkplaas. 200 Koeie in melk. Nuwe stal. 2 Ordentlike woonhuise. Lopende saak. Lock, stock and barrel. Genoeg water. **Prys: R12 600 000** **Ockie v d Berg 082 805 4109**
	373 ha. 32 ha Besproeiing. 2 Slpk woning met binnebraai. 3 Store. 24 km vanaf Riversdal. Rivier met groot watergate. 2 Fonteine. Pragtige fynbos en dekriet. Skape en implemente ingesluit. **Prys: R3 750 000** **Johan Fourie 082 572 6005**		Tonnelboerdery met pakstoor-geriewe geleë buite George. Prag omgewing en woonhuis. Stap in en begin dadelik oes. Lock, stock and barrel. **Prys: R6 800 000** NS. Kan die 16 ha eiendom koop sonder tonnels vir **R5 800 000**. **Ockie v d Berg 082 805 4109**
	Outeniqualand – 19 ha met Eskom krag, huis en melkstal. **Prys: R2 700 000 + BTW** **Jos Terblanche 083 631 9611**	**ALLEENMANDAAT** 	**ALBERTINIA** GOEIE KOOP!! 3 300m² Industriële gesoneerde eiendom. Aangrensend aan die N2. Uitstekende toegang vir vragmotors. **Prys: R2 200 000 + BTW** **Jos Terblanche 083 631 9611**

AFRIVET GEE OPLEIDING

Afrivet het op 5 September 2007 'n baie interessante opleidingsaand vir Tuinroete Agri se veeartsenybemarkers te Mosselbaai aangebied. Selfs die “ou hande” moes erken dat hulle produkkennis weer opnuut opgeskerp is.

BENODIG U IMPLE-MENTE?

Kontak die volgende persone en bespreek u behoeftes met hulle!

Hennie Barnard
☎ *044-801-4531 / 082 412 6856*
Melchior Briers
☎ *028-713-3409 / 082-822-4923*

Dring aan op Tuinroete Agri Voere en ondersteun u eie maatskappy!

Heinie Geldenhuys (Kleinberg)
044-601-1200

Hanno Laufs (Riversdal)
028-713-2404

Piet Joubert (Bemarker)
082-562-7508

Sukkel u om die REGTE kersgeskenke te kry?

Besoek u naaste Tuinroete Agri tak vir gehalte diens en ‘n **GROOT** verskeidenheid kwaliteit produkte teen uitstekende pryse!
Ons beskik oor kampeer– en visvang-toerusting, wyn, skoene, klere, vrugte-sap, droëvrugte, en nog **BAIE** meer!

Nico De Waal van Intervet, oorhandig ‘n hoëdrukspuit aan Johan Muller van die plaas Ouland. Hiermee bedank Intervet Johan vir sy onder-steuning tydens die promosieveld-tog. Op die foto verskyn vlnr Nico de Waal van Intervet, Johan Muller en Henry Viviers

Adminpersoneel vier Loslitdag!

Agter: Louis Fivaz, Debbie Combrinck, Naomi Engelbrecht, Maria Honiball, Grace Alley, Jurie Geldenhuys, Toy van Staden
Voor: Leticia Groenewald, Davellin Joubert, Leticia du Plessis, Hannelie Theron, Leané van Staden, Alba Botha

‘n Mens kan aan die lewe niks verander nie, maar jy kan daaruit leer.
- Ena Murray -